
# Pretoria se R215 miljoen-projek begin



KONSTRUKSIEWERK deur Murray en Roberts aan die Sammy Marksplein-projek van R215 miljoen in Pretoria het dié week begin en die eerste sooi word môre seremonieel deur die burgemeester, mnr. François Morkel, gespit.

Die argitekskets toon 'n aansig van die kompleks tussen Kerk-, Van der Walt-, Vermeulen- en Prinsloostraat soos dit teen einde aanstaande jaar sal lyk wanneer dit in gebruik geneem word.

Dis een van die grootste gesamentlike projekte van die Jakarandastad se stadsraad en die private sektor. Die raad sal 'n kwart finansier en bykomende munisipale geriewe daarop oprig. Die ander driekwart sal 'n winkel- en kantoorkompleks huisves en word gefinansier deur UAL deur sy Newport Property Fund, Prima Property Trust en AA Lewens.

Die kompleks strek oor meer as 30 000$^2$ meter waarop 24 000$^2$ meter winkelruimte ingeruim word. Twee historiese geboue, die Sammy Marks- en die Kynochgebou, word behou en in die kompleks ingesluit. – **JOHAN BOOYENS.**